**HOëRSKOOL ANDREW RABIE HIGH SCHOOL**

# Ons eer ons helde – We honour our heroes

## In Memoriam







*At the going down of the sun and in the morning, we will remember them:*

*Danie du Toit*

*Ruben van Niekerk*

*Ronald Potgieter*

*Karel Johannes van Heerden*

*Petrus Victor*

*Their names and sacrifice have not been forgotten..*

***MONUMENT TER NAGEDAGTENIS AAN OUDLEERLINGE WIE IN UNIFORM GESTERF HET TERWYL HULLE ONS LAND EN SY MENSE BESKERM EN VERDEDIG HET***

***MONUMENT IN REMEMBRANCE OF FORMER LEARNERS WHO HAVE DIED IN UNIFORM WHILE PROTECTING AND DEFENDING OUR COUNTRY AND ITS PEOPLE***

Nadat drie oudleerlinge tot en met die vroeë 1980s in uniform tydens die grensoorlog gesterf het, het daar 'n gedagte ontstaan om 'n monument by die skool op te rig ter nagedagtenis aan die oorledenes.

Leerlinge in die skool is toe gevra om ontwerpe vir die voorgestelde monument in te dien. Mnr en Mev Esbach, albei argitekte en ouers van die skool, het die onderstaande ontwerp van Karel Leerink (matriek 1982) as die beste aangewys. Die monument is voltooi en op 27 September 1984 onthul; Mnr Meyer Sauermann was die skoolhoof ten tye van die onthulling.


Die monument sou aan die samelewing toon dat die skool nie hul oudleerlinge wat gesterf het terwyl hulle in diens van hul land gestaan het, vergeet nie

After three former pupils died in uniform during the border war up to the early 1980s, an idea arose to erect a monument at the school in memory of the deceased.

Learners in the school were asked to submit designs for the proposed monument. Mr and Mrs Esbach, both architects and parents of the school, voted the below design by Karel Leerink (matric 1982) as the best. The monument was completed and unveiled on September 27, 1984; Mr Meyer Sauermann was the principal at the time of the unveiling.

The monument would show the community that the school does not forget its former learners who died in the service of their country

.





Karel Leerink

- Die voetstuk stel die Christendom voor
- Die kort kolom (met plante) stel geboorte voor
- Die mure stel die loop van die lewe voor wat lei na die dood wat as 'n hoogtepunt van die lewe voorgestel word deur die hoë kolomme

- The pedastal represents Christianity
- The short column (with plants) represents birth
- The walls represent the course of life leading to death which is represented as a culmination of life by the tall columns

Die eerste naam op die monument is dié van oudleerling Daniël du Toit wie die eerste polisieman was wat in die destydse Rhodesië (nou Zimbabwe) tydens optrede teen terroriste gesterf het (1967).

Die vier ander oudleerlinge is:


- Ruben van Niekerk (1977)
- Ronald Potgieter (1981),
- Karel van Heerden (1984) en
- Petrus Victor (1984), almal lede van die Suid-Afrikaanse Weermag.

The first name on the monument is that of former learner Daniël du Toit who was the first policeman to die in what was then Rhodesia (now Zimbabwe) during action against terrorists (1967).

The four other former learners are:

- Ruben van Niekerk (1977)
- Ronald Potgieter (1981)
- Karel van Heerden (1984) and
- Petrus Victor (1984), all members of the South African Defence Force.

Program tydens die onthulling van die gedenksteen 1984 /
Program during the unveiling of the monument 1984:




Onthulling van
Gedenksteen

HOËRSKOOL ANDREW RABIE

MET DIE BESTE

DONDERDAG 27 SEPTEMBER 1984
om 10h00



*Ons eer hul nagedagtenis:*

*Oorlede:*

| | |
|---|---|
| Daniël du Toit | 18-7-1968 |
| Ruben van Niekerk | 29-10-1977 |
| Ronald Potgieter | 17-12-1981 |
| Karel J. van Heerden | 27-2-1984 |
| Petrus C. Victor | 29-2-1984 |

PROGRAM

VLAGHYSING ............................: Skoolkadette

SKRIFLESING EN GEBED ..........Ds. J.W. v.d. Walt

KRANSLEGGING ............................... Leerlinge

AANSTEEK VAN LAPELVLAGGIES .........Skoolhoof

BEDANKING..................................Skoolhoof

(Program ontvang van Mev Betty Victor, moeder van Petrus (Pieta) Victor / Program received from Mrs. Betty Victor, mother of Petrus (Pieta) Victor)

Die monument is onthul op 27 September 1984.
Die ouers van al die oorledenes was die eregaste by hierdie onthullings-plegtigheid.

Die skool het tot 'n paar jaar gelede elke jaar teen die einde van Mei 'n geleentheidspreker uitgenooi na 'n vlaghysingseremonie en kranslegging. Deur middel van hierdie seremonie word vaderslandsliefde, nasietrots en respek vir diegene wat die hoogste offer gebring het, by leerders gekweek.

Persone wat tot dusver as gassprekers uitgenooi was, is onder andere, Kol Lamprecht en Maj Wynand du Toit (SAWeermag), Prof Marius Swart (UPE) en Ds C Bester.

The monument was unveiled on 27 September 1984.
The parents of all the deceased were the guests of honor at this unveiling ceremony.

Until a few years ago, the school invited an event speaker to a flag-raising ceremony and wreath-laying every year at the end of May. Through this ceremony, patriotism, national pride and respect for those who made the supreme sacrifice are cultivated in learners.

Persons who have so far been invited as guest speakers include: Col Lamprecht and Maj Wynand du Toit (SA Defence Force), Prof Marius Swart (UPE) and Rev C Bester.

**Daniël du Toit**

(Konstabel / Constable)



***Matriek 1964***

***Oorlede: 18 Julie 1968***

***Oorlede tydens 'n kontak met ZIPRA insurgente in die Rawamombe Range naby die Kariba-meer in die destydse Rhodesië tydens Operasie Griffin. Hy was deel van die voorspan wat in 'n hinderlaag deur die terroriste gelê was. Een SAP-offisier en twee ander SAP-konstabels is tydens die voorval gewond.***

***Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Polisie TEIN (Teeninsurgensie) Eenheid, Wentworth, Durban.***

***Hy was die heel eerste lid van die SAP Teeninsurgensie-eenheid wat in 'n skermutseling met terroriste tydens die bosoorlog in Rhodesië oorlede is. Die Suid-Afrikaanse Polisie Ster vir Uitnemende Diens is daarna (in Postuum) aan hom toegeken.***

***Hy was 21***

***Matric 1964***

***Died: 18 July 1968***

***Died during contact with ZIPRA insurgents in the Rawamombe Range near Lake Kariba in what was then Rhodesia during Operation Griffin. He was part of the advance team that was ambushed by the terrorists. One SAP officer and two other SAP constables were wounded during the incident.***

***He was a member of the South African Police TEIN (Counter-Insurgency) Unit, Wentworth, Durban.***

***He was the very first member of the SAP Counterinsurgency Unit to die in a skirmish with terrorists during the bush war in Rhodesia. The South African Police Star for Distinguished Service was subsequently (posthumously) awarded to him.***

***He was 21***








*Gedenkplaat in skoolsaal*

*Die Laerskool Danie du Toit in Algoapark is na hom vernoem. Die skool staan tans bekend as 'Happydale Spesiale Skool)*

## Ruben van Niekerk

(Kavalaris / Trooper)



*Matriek 1976*

*Oorlede: 29 Oktober 1977.*

*Oorlede in 'n militêre voertuigongeluk tydens diens in die noorde van Ovamboland (Namibië).*

*Hy was lid van 1 Spesiale Diensbataljon (Pantserkorps) in Bloemfontein.*

*Hy was 18*

*Matric 1976*

*Deceased: 29 October 1976.*


*Died in a military vehicle accident while on duty in northern Ovamboland (Namibia).*

*He was a member of 1 Special Battalion (Armour Corpse) in Bloemfontein.*

*He was 18*



**Ronald Potgieter**
(Sersant / Sergeant)



***Matriek 1977***

***Oorlede: 17 Desember 1981.***

***Oorlede (tydens 'n 3-maande grenskamp) as gevolg van beserings wat hy opgedoen het in 'n mortierbom-ontploffing tydens opleiding in die noorde van Ovamboland (Namibië).***

***Hy was 'n lid van Regiment Piet Retief in Port Elizabeth.***

***Hy was 21***

***Matric 1977***

***Deceased: 17 December 1981.***

***Died (during a 3-month border camp) as a result of injuries sustained in a mortar bomb explosion during training in northern Ovamboland (Namibia).***

***He was a member of Piet Retief Regiment in Port Elizabeth.***

***He was 21***



## Karel Johannes van Heerden

(Korporaal / Corporal)



***Matriek 1982***

***Oorlede: 27 Februarie 1984***

***Oorlede as gevolg van beserings wat hy opgedoen het in 'n motorongeluk (gebarste motorband) tussen Middelburg en Noupoort oppad terug na sy weermagbasis in Kimberley na afloop van 'n naweekpas.***

***Hy was 18***


***Matric 1982***

***Deceased: 27 February 1984***

***Died as a result of injuries sustained in a car accident (burst tyre) between Middelburg and Noupoort on the way to his military base in Kimberley after a weekend pass.***

***He was 18***



*Mnr. Van. Heerden lê 'n krans tydens die 1988-seremonie. Karel van Heerden, sy seun, is op 27 Februarie 1984 aan die grens oorlede.*

## Petrus Cornelius (Pieta) Victor



*Oorlede: 29 Februarie 1984*

*Oorlede as gevolg van beserings wat hy opgedoen het in 'n motorongeluk naby Winburg oppad terug na sy weermagbasis in Pretoria na afloop van 'n naweekpas.*

*Hy was 21*

*Deceased: 29 February 1984*

*Died as a result of injuries sustained in a car accident near Winburg on his way back to his military base in Kimberley after a weekend pas.*

*He was 21*




*Petrus, sy pa en sy oupa is in dieselfde graf begrawe*
*Petrus, his father and grandfather were buried in the same grave*

**Nog 'n held van Andrew Rabie / Another hero from Andrew Rabie:**

## Anton Roux

**Ontvanger van Homoris Crux Silwer Medalje vir Dapperheid**
**Receiver of the Honoris Crux Silver Medal for Bravery**

Matriek 1985 /Matric 1985





Onder-korporaal Anton Louis Roux was 'n gevegs mediese ordonans wat by 101 Bataljon diens gedoen het. Gedurende Januarie 1987 was hul kompanie ontplooi in die Mupa area (Suid-Angola) waar SWAPO-terroriste bedrywig was. Op 8 Januarie 1987 was lede van 101 Bataljon in 'n hinderlaag gelei en in die daaropvolgende skermutseling is verskeie lede van die eenheid gewond en gedood. Onder-korporaal Roux is deur 'n RPG-7 vuurpyl getref wat sy een been geamputeer het. Ten spyte van sy eie wonde en die feit dat hy sy een been verloor het, het hy steeds sy makkers eerste gestel. Hy het eers na een van die beseerdes gekruip en noodhulp toegepas, waarna hy ook ander beseerdes wat na hom gebring is, gehelp. Eers daarna het hy na sy eie beserings omgesien. Hy is daarna na 'n hospitaal vervoer en na 'n paar maande van 'n kunsbeen voorsien.

Hierdie onselfsugtige heldedaad het van hom 'n waardige ontvanger van die Honoris Crux Silwer medalje gemaak.

-----------------

Hy is die seun van een van die vorige skoolhoofde van Andrew Rabie, wyle Mnr Charlie Roux

Lance-Corporal Anton Louis Roux was a combat medical orderly who served with 101 Battalion. During January 1987, their company deployed in the Mupa area (Southern Angola) where SWAPO terrorists were active. On 8 January 1987, members of 101 Battalion were ambushed and in the ensuing skirmish several members of the unit were wounded and killed. Lance-corporal Roux was hit by an RPG-7 rocket which amputated one of his legs. Despite his own wounds and the fact that he had lost one of his legs, he still put his friends first. He first crawled to one of the injured and administered first aid, after which he also helped other injured people who were brought to him. Only then did he attend to his own injuries. Thereafter he was transported to a hospital and after a few months provided with an artificial leg.

This selfless act of heroism made him a worthy recipient of the Honoris Crux Silver medal.

-------------

He is the son of one of Andrew Rabie's previous headmasters, the late Mr Charlie Roux.

| OPKNAPPING EN OMHEINING VAN DIE GEDENKNAALD | RENOVATION AND FENCING AROUND THE MONUMENT |
|---|---|
| Tydens 'n besoek aan die skool op 12 Augustus 2023, het 'n oudleerling opgemerk dat die gedenkmonument effens verwaarloos is en dat die skoolwapen en name van oorledenes van die monument verwyder is. Daar was ook aanduidings dat sommige van die huidige leerders nie die geskiedenis daarvan ken nie en dus ook min respek daarvoor toon. | During a visit to the school during July 2023, one of the school's former learners noticed that the monument was slightly neglected and that the school crest and names of deceased people had been removed from it. There were also indications that some of the current learners do not know its history and therefore show little respect for it. |
| 'n Paar oudleerlinge (Fanie Buys, Pieter du Toit en Georg Buys) het begin planne beraam om die gedenknaald weer in ere te herstel (Esther Erasmus het op 'n latere stadium ook insette gelewer). Na vele gesprekke met die skoolhoof (Mnr H de Vos), ander oudleerlinge, sommige van die oud-skoolhoofde en oud-onderwysers, naasbestaandes van die oorledenes, asook moontlike borge, is begin met die beplanning vir die opknapping en omheining van die gedenknaald. | A few former learners (Fanie Buys, Pieter du Toit and Georg Buys) started devising plans to restore the memorial needle to glory again (with some input by Esther Erasmus at a later stage). After many discussions with the headmaster (Mr H de Vos), other former pupils, some of the former headmasters and teachers, next of kin of the deceased as well as possible sponsors, the planning for the renovation and fencing around the monument began. |
| 'n Plaaslike argiteksfirma (Archiform Argitekte) is genader om 'n ontwerp voor te lê en is goedgekeur. | A local architectural firm (Archiform Architects) was approached to submit a design which was approved. |
| Bouwerk het op 5 Julie 2024 begin onder toesig van Mnr Sam Nel (bouer) en is voltooi op 1 Augustus 2024. | Construction started on 5 July 2024 under the supervision of Mr Sam Nel (builder) and was completed on 1 August 2024. |
| Die skool is baie dank verskuldig aan die volgende persone/instansies wat die projek gefinansier het:<br>1. **Bay Tool & Die Makers (Edms) Bpk**:<br>Mnr David Paxton vir al die bouwerk, plaveisel en verfwerk<br>2. **Andrew Rabie Trust** – nagelaat deur Dr Andrew Rabie:<br>Mev Alta Rabie – tuin | The school owes a lot of thanks to the following persons/institutions who funded the project:<br>1. **Bay Tool & Die Makers (Pty) Ltd**:<br>Mr David Paxton for ALL the building work, paving and paintwork<br>2. **Andrew Rabie Trust** – left by Dr Andrew Rabie:<br>Mrs Alta Rabie – garden |




Voorstel van Archiform Argitekte/Proposal by Archiform Architects



Monument voordat met die bouwerk begin is / Monument before building work began



Uitlê van fondamente / Setting out foundations



Uitgrawing vir fondamente / Excavations for foundations



Betonfondamente / Concrete foundations



Bouwerk aan mure / Building walls




Pleisterwerk / Plaster work



Plaveisel / Paving



10 Julie 2024




10 Julie 2024



Mr & Mrs David Paxton
(Hoofborg / Main Sponsor)




Alhoewel die skool se huidige embleem (skoolwapen) ontwikkel het om die chiro/Christelike simbool in te sluit, is dit belangrik om daarop te let dat die oorspronklike embleem steeds 'n deel van ons skool se tradisie en geskiedenis is. Dit word nogsteeds prominent gebruik op die erebaadjies van ons leerders en simboliseer eer, prestasie, viering en voortreflikheid. Die oorspronklike embleem, met die Afrikaanse leuse "Net die Beste," het dus 'n kragtige simbool van ons skool se waardes en prestasies gebly.

Aangesien die monument opgerig word om die hoogste offer van lewe vir ons land te vier, is dit die mees gepaste om die erekenteken met die oorspronklike embleem en leuse te gebruik. Hierdie embleem verteenwoordig nie net ons ryk geskiedenis en tradisies nie, maar dra ook die gees van uitnemendheid en toewyding wat ons deur hierdie monument wil eer. Die gebruik vind ook aanklank by die waardes en geskiedenis van Hoërskool Andrew Rabie deurdat die monument 'n ware weërspieëling van ons nalatenskap vorm.

- Herbert de Vos (skoolhoof)

Although the school's current emblem (school crest) has evolved to include the chiro/Christian symbol, it is important to note that the original emblem is still part of our school's tradition and history. It is still used prominently on the badges of honor of our learners and symbolizes honour, achievement, celebration and excellence. The original emblem, with the Afrikaans motto "Net die Beste," has therefore remained a powerful symbol of our school's values and achievements.

Since the monument is being erected to celebrate the supreme sacrifice of life for our country, it is most appropriate to use the badge of honor with the original emblem and motto. This emblem not only represents our rich history and traditions, but also carries the spirit of excellence and dedication that we want to honor through this monument. The use of the original emblem also resonates with the values and history of Andrew Rabie High School in that the monument forms a true reflection of our legacy.

- Herbert de Vos (headmaster)



25 Julie 2024

| Heronthulling van die gedenknaald | Re-unveiling of the monument |
| --- | --- |
| Die heronthulling het plaasgevind op 18 Augustus 2024<br><br>Program…..<br>Spreker….<br>Fotos…<br><br>?<br>?<br>? | The re-unveiling took place on August 18, 2024<br><br>… |

**Bylae / Appendices:**

Andrew Rabie huldig oud-leerlinge

# Monument by skool vir gesneuweldes

**Skoleverslaggewer**

DIE Hoërskool Andrew Rabie in Port Elizabeth het op tasbare wyse hulde gebring aan vyf van sy oud-leerlinge wat die afgelope jare in diens van hul land gesterf het. Tydens 'n plegtigheid is 'n monument wat op die skoolterrein opgerig is, ingewy en kranse aan die voet van die gedenkteken gelê.

Mnr. Meyer Sauerman, skoolhoof van Andrew Rabie, sê die behoefte het lank bestaan om aan die samelewing te toon dat dié skool nie sy oud-leerlinge vergeet wat gesterf het terwyl hulle in diens van hul land gestaan het nie.

**TERRORISTE**

Die name van die vier dienspligtiges en 'n polisieman is op bronsplaatjies teen die gedenkteken aangebring.

Hulle was Danie du Toit, wat op 18 Julie 1968 in die destydse Rhodesië deur terroriste doodgeskiet is terwyl hy 'n makker wou beskerm; Ruben van Niekerk, wat op 29 Oktober 1977 gesneuwel het; Ronald Potgieter, wat op 17 Desember 1981 dood is; Karel van Heerden en Petrus Victor, wat verlede jaar twee dae ná mekaar, op 27 en 29 Februarie onderskeidelik, in motorongelukke dood is terwyl hulle onderweg na hul militêre basisse was ná 'n kuiertjie by die huis.

**ONTWERPER**

'n Seun en meisie uit elke standerd, van standerd ses tot matriek, het gisteroggend ná 'n kort huldiging wat deur Skriflesing en gebed voorafgegaan is, kranse aan die voet van die monument gelê.

Die monument sal ook ter herinnering wees aan enige ander leerling van die skool wat sy lewe in diens van sy land aflê.

Die ontwerper van die monument is mnr. Karel Leering, wat in 1982 in matriek was en destyds deelgeneem het aan 'n wedstryd wat deur die kunsonderwyseres uitgeskryf is vir 'n ontwerp van so 'n monument. Die plan is deur 'n ouerpaar van die skool, albei argitekte, opgestel.

**OUERS**

Mnr. Sauerman sê toe 'n paar jaar gelede besluit is om die steen op te rig, het die skool net drie oud-leerlinge gehad wat aan die grens gesneuwel het. By voltooiing moes vyf naamplaatjies aangebring word.

Die ouers van al die oorledenes was gister die eregaste by die onthullingsplegtigheid.

Koerantberig in Die Oosterlig / Newspaper report in 'Die Oosterlig'

28 September 1984:





**Skool lê krans vir sy dapper seuns**

TREFFENDE hulde is deur die Hoërskool Andrew Rabie in Port Elizabeth aan oud-leerlinge van die skool gebring wat in pligdiens gesterf het. 'n Monument is op die skoolterrein onthul en kranse is aan die voet daarvan gelê. Hier hou die hoofmeisie, Rhonel Jerling, en die hoofseun, Hurbie Geldenhuys, 'n krans vas wat hulle saam gelê het. In die middel is mnr. Meyer Sauerman, die skoolhoof. Berig op bl. 15. **Foto: WILMA KEMP.**

Treffende hulde is deur die Hoërskool Andrew Rabie in Port Elizabeth aan die oudleerlinge van die skool gebring wat in pligdiens gesterf het.

'n Monument is op die skoolterrein onthul en kranse is aan die voet daarvan gelê. Hier hou die hoofmeisie, Rhonel Jerling, en die hoofseun, Hurbey Geldenhuys, 'n krans vas wat hulle saam gelê het.

In die middel is mnr. Meyer Sauermann, die skoolhoof.

A touching tribute was paid by the Andrew Rabie High School in Port Elizabeth to the former students of the school who died in the line of duty.

A monument was unveiled on the school grounds and wreaths were laid at its foot. Here are the head girl, Rhonel Jerling, and the head boy, Hurbey Geldenhuys, with a wreath they laid together.

In the middle is Mr. Meyer Sauermann, the principal.



# HULDE AAN WYLE KONST. DANIE DU TOIT

EEN van die Republiek van Suid-Afrika se helde en die eerste lid van die Suid-Afrikaanse Polisie wat in die huidige terroriste-aanvalle in Rhodesië naby die Victoria Watervalle gesneuwel het, konst. Daniël du Toit is op 25 Julie 1968 in die Forest Hill Begraafplaas, Port Elizabeth, ter ruste gelê.

Aan sy ouers, naasbestaandes en verloofde sê ons, sy kollegas: „Danie se nagedagtenis en sy heldhaftige optrede lewe voort en sal in die geskiedenis bly voortleef solank die Suid-Afrikaanse Polisie en Blanke nasie in die Republiek van Suid-Afrika bestaan.

Ons, die Suid-Afrikaanse Polisie, die hele Republiek van Suid-Afrika, Rhodesië en alle regdenkende mense wat lafhartige aggitasie en moord afkeur, treur saam met u en is saam met u trots op hierdie seun van die Oostelike Provinsie."

Die aandoenlike tonele wat afgespeel het nadat dit bekend geword het wat gebeur het, en tydens die begrafnis, sal nie hier lig vergeet word nie.

Die leraar van die P.E.-Wes Gemeente, ds. G. W. Painter, waar die rou-diens plaasgevind het, het onder andere tydens sy lyksrede gesê dat dit ydel sou wees van die Staat om op die land se grense voorsorg te gaan tref om die land te beveilig terwyl die Christelike beskawing in Suid-Afrika van binne gerysmier word.

Hy het ook namens homself en sy kerkraad meegevoel betuig en gesê dat konst. Du Toit nie slegs vir die veiligheid van sy land gesterwe het nie, maar ook ter beveiliging van die Christelike Kerk wat die laaste baken teen kommunisme is wat die Christendom wil vernietig.

Die nuwe Polisiekapelaan van Oos-Kaapland, kapt. (ds.) E. Erlank, het die gebed in die Kerk gedoen.

Baie vooraanstaande persoonlikhede het die begrafnis bygewoon, o.a. die amptelike erkende diplomatieke verteenwoordiger van Rhodesië, mnr. John Gaunt, luit.-genl. H. J. van den Berg, brig. (ds.) M. D. V. Cloete, hoofkapelaan, mnr. N. P. Rademeyer, burgemeester van Port Elizabeth, verskeie senior offisiere van Hoofkantoor, mnr. Willie Delport, L.V., mnr. J. J. Engelbrecht

*Mnr. John Gaunt, diplomatieke verteenwoordiger van Rhodesië, aan die woord. Heelbo: Die stoet met brig. (ds.) M. D. V. Cloete, kapt (ds.) I. Erlank en ds. G. W. Painter aan die voorpunt.*



L.V., die rektor van die U.P.E. dr. E. J. Marais, mnr. S. P. Potgieter, L.V., mnr. I. McPherson, stadsklerk en verskeie lede van die stadsraad en afdelingsraad, asook verskeie Polisieoffisiere en ander persone van naburige dorpe, asook offisiere van die Rhodesiese polisie, lugmag en weermag.

Toe die verskeie afdelings, lede van die Mag, onder begeleiding van die Polisie-orkes op die stadige pas in seremoniële beweging gekom het, het duisende mense langs die roete saamgedrom. Blank sowel as nie-blank het eerbiedig stilgestaan en die stoet gade geslaan.

Die ouers van die oorledene, mnr. en mev. T. P. du Toit en mej. Tina Rheeder, wat van Durban gekom het om die begrafnis by te woon, was diep bedroef en het dikwels openlik gehuil.


'n Geweldige skare, insluitende 'n groot aantal lede van die Mag in uniform, het by die begrafplaas byeengekom waar die hoofkapelaan, brig. Cloete, die verrigtinge op treffende wyse waargeneem het.

Luit.-genl. H. J. van den Berg, assistent-kommissaris van Polisie, het by die graf hulde gebring aan die ontslapene. Hy het gesê: „Niemand is groter as hy wat sy lewe vir sy land en volk gegee het nie. Dit was nie vir hom nodig om te sterf nie, daar hy reeds veiligheid bereik het, maar hy het sy lewe in gevaar gestel vir sy kamerade toe 'n koeël van die vyand hom getref het." Hy het ook gesê dat die stryd voortgesit word in onherbergsame gebied en dat die stryd nie tussen wit en swart is nie, maar tussen kommunis en nie-kommunis. Dat Danie een van die seuns was wat op die grense die vloedgolf van kommunisme gestuit het. Hy het ook die Rhodesiërs en hulle Veiligheidsmagte bedank vir hulle aandeel in die stryd wat albei lande, die Republiek van Suid-Afrika en Rhodesië, raak. Hy het gesluit deur te sê: „Ons sal hom nooit vergeet nie."

Mnr. John Gaunt het daarna aan die woord gekom en namens die Eerste Minister, Regering en Rhodesiese Volk gepraat. Hy het gesê dat daar baie skote geskiet was en dat die eggo van die skoot wat Danie getref het, weerklank in Suid-Afrika gevind het. Hy het ook gesê dat ons vyande by die hek is en dat die kommunisme die beskawing in Suider-Afrika wil vernietig. Hy het gesê dat Danie aansluit by baie helde wat vir Suid-Afrika geval het en dat sy ouers hulle koppe hoog kan hou omdat hul seun vir sy land gesterf het en dat die dood van konst. Du Toit die stilswyende band van vriendskap wat tussen Rhodesië en Suid-Afrika bestaan, verseël het.




*Luit.-genl H. J. van den Bergh bring hulde aan die nagedagtenis van wyle konst. Du Toit.*



*Die Weermag, Lugmag en Polisie van Rhodesië was verteenwoordig deur lt-kol A. M. Ashcroft, Vlugbevelvoerder C. V. Damms en assistent-kommissaris L. Lamond. Heelonder: Leerlinge van die hoërskool Andrew Rabie (waar wyle konst. Du Toit skoolgegaan het) het hul laaste eer aan sy nagedagtenis betoon.*

## SLAAP RUSTIG, DAPPER HELD



# P.E. betoon eer aan 'n ware held



BO: „Rus my siel jou God is koning." Ds. G. W. Painter, leraar van die N.G. gemeente P.E.-Wes lees die gesangvers voor terwyl die kis met die stoflike oorskot konst. Danie du Toit stadig in die graf neergelaat word. Die familielede van die gesneuwelde staan links van die graf. Brig. V. Cloete, hoofkapelaan van die S.A. Polisie wat die verrigtinge by die graf gelei het, staan in die middel met kapt. E. Erlank, polisiekapelaan van Port Elizabeth heel regs.



GISTER is daar in Port Elizabeth op treffende wyse die laaste eer bewys aan konst. Danie du Toit, die eerste lid van die Suid-Afrikaanse Polisie wat in Rhodesië gesterf het in die stryd teen die terroriste.

Mense in Port Elizabeth het in hul honderde die begrafnis bygewoon terwyl dit in die res van die land met belangstelling gevolg is. Konst. Du Toit se dood het die hele Suid-Afrika aangryp want dit was meer as net die verlies van 'n gewone polisieman. Dit het aangegryp omdat dit seker vir die meeste Suid-Afrikaners vir die eerste keer bewus gemaak het van die werklikheid van die stryd en gevaar aan ons grense. Vir die gewone Suid-Afrikaner is daar nie nou net meer 'n vae begrip van 'n stryd nie. Die eerste prys is betaal en konst. Du Toit se dood dien as voorbeeld van hoe duur die prys kan wees wat moontlik nog betaal sal moet word.

Op die blad is 'n beeld van die laaste saluut wat gister aan iemand gegee is wat die hoogste offer aan sy land gebring het.



Net voor die verrigtinge ten einde geloop het, het 'n vuurpeleton van die polisie van Oos-Kaapland 'n saluut in drie sarsies gevuur ter ere van die gestorwene. Die gewere is daarna neergelaat, bajonette is aangesit en weer is die gewere gepresenteer. 'n Trompetspeler het toe die Generalesaluut, die Oggendsinjaal en Die Laaste Taptoe gespeel. Daarmee is die militêre begrafnis van die man wat sy lewe in diens van sy land gelaat het, afgesluit.

LINKS: Diepbedroefde familielede huil saggies langs die geopende graf van wyle konst. Danie du Toit. Die oorledene se ouma (links) en sy moeder word deur sy vader, mnr. T. P. du Toit, ondersteun. Lyne van smart lê diep op sy gesig. Die foto is net ná 'n gebed geneem wat deur brig. V. Cloete gedoen is.



BO: Ses van die konstabels van die Mountwegpolisiestasie wat in Port Elizabeth saam met wyle konst. Danie du Toit in Port Elizabeth gewerk het, het as draers opgetree. Hulle is konsts. H. J. Kriel, B. J. Wolmarans, P. J. Grobler, J. Rademeyer, J. R. Smit en J. Nortjé.





BO: Ds. G. W. Painter wat die roudiens gelei het, stap hier saam met die hoofkapelaan van die Suid-Afrikaanse Polisie, brig. V. Cloete uit die kerkgebou na afloop van die roudiens. Tussen ds. Painter en brig. Cloete kan die polisiekapelaan van Port Elizabeth, kapt. ds. E. Erlank, gesien word. Brig. Cloete het die verrigtinge by die graf waargeneem.

LINKS: Die erepeleton wat die lykstoet gelei het, stap hier in statige seremoniële pas om posisie langs die graf in te neem. Ná die teraardebestelling het die peleton 'n eresaluut gevuur.

LINKS BO: Sigbaar aangedaan stap konst. Du Toit se verloofde, mej. Ina Rheeder, 'n sy suster Rene die kerkgebou binne om die roudiens by te woon. Mej. Rheeder het spesiaal van Durban gekom om die begrafnis by te woon. Wyle konst. Du Toit se broertjie wat nog op skool is, kan tussen die twee meisies gesien word.

LINKS: Die lykwa met die stoflike oorskot van wyle konst. Du Toit het om 12.35 by die Forest Hill-begraafplaas aangekom. Die vuurpeleton van die Polisie van Oos-Kaapland wat die stoet gelei het, het 'n erewag voor die hekke van die begraafplaas gevorm. Brig. V. Cloete, kapt. E. Erlank en ds. G. W. Painter het voortgegaan om die lykwa tot by die graf te lei.








BO: Die bedroefde vader van wyle konst. Du Toit buk v... oor om blomblare op die kis in die graf van sy seun te s... terwyl die moeder onbedaarlik snik.

Wyle Danie du Toit se verloofde (Ina Rheeder), broer (Stephen) en suster (René).

Wyle Danie du Toit se ouers






Danie du Toit se suster René du Toit, sy moeder Martha en vader, Tobias Petrus (agter die bregrafnisondernemer)

Die Suid-Afrikaanse adjunk-polisiehoof, luitenant-generaal van den Bergh, het van du Toit gesê, "Toe die dood hom in die gesig staar, was hy uitdagend en nie bang nie. Hy het homself ontbloot sodat sy kollegas veiligheid kon bereik."

Daniël du Toit se 18-jarige verloofde, mej Tina Rheeder van Durban, het van hom gesê: "Daniël het niks in hierdie wêreld gevrees nie, maar hy het 'n gevoel gehad dat hy nie van Rhodesië sou terugkom nie."

The South African Deputy Chief of Police, Lieutenant General van den Bergh, said of du Toit, "When death faced him, he was defiant and unafraid. He exposed himself so that his colleagues could reach safety."

Daniël du Toit's 18-year-old fiancée, Miss Tina Rheeder of Durban, said of him, "Daniel feared nothing in this world, but he had a feeling that he would not be coming back from Rhodesia."

Berig uit 'Die Oosterlig' 6 Maart 1970:

**Nuwe naam:** 'n Aansoek van die Laerskool Algoapark, Port Elizabeth, om die skool se naam tot die Laerskool Danie du Toit te verander, is gister deur die skoolraad in Port Elizabeth aanbeveel vir goedkeuring deur die Onderwysdepartement. Dit is die tweede keer dat die skool om 'n naamsverandering aansoek doen. Konst. Danie du Toit, na wie die skool vernoem staan te word, was die eerste Suid-Afrikaanse burger wat in gevegte met terroriste aan ons grens gesneuwel het.

**Ruben van Niekerk**

# P.E.-FIETSRYER STERF IN ONGELUK AAN GRENS

**'N JONG militêre dienspligtige en uitstekende O.P. - fietsryer van die Noordweg-fietsryklub, is Saterdagoggend aan die grens dood toe die militêre voertuig waarin hy en sowat sewe ander manne was, omgeslaan het. Twee ander dienspligtiges van Uitenhage en Oos-Londen is ernstig in die ongeluk beseer.**

Die oorledene was Ruben van Niekerk (18), seun van mnr. en mev. B. van Niekerk van Jacarandasingel 7, Algoapark, Port Elizabeth. Die twee beseerdes is Errol Thomas (19), seun van mev. I. Thomas van Youngstraat 28, Uitenhage, en 'n dienspligtige van Oos-Londen.

Na verneem word, was Ruben en sewe ander dienspligtiges in die voertuig toe dit omgeslaan het. Dit is nog nie bekend presies wat gebeur het nie. Ruben is aan sy beserings oorlede, en verskeie van die ander manne is beseer.

Volgens 'n familielid van Ruben het 'n offisier van die O.P. Kommandement en 'n predikant Saterdagaand die nuus van Ruben se dood aan sy gesin kom oordra.

Al wat sy ouers weet, is dat hul seun in 'n motorongeluk aan die grens oorlede is.

## Ekstra jaar

Ruben sou oorspronklik sy diensplig teen die einde van die jaar voltooi het. Hy het egter onlangs gehoor dat hy nog 'n ekstra jaar diensplig sal moet verrig. Sy naasbestaandes sou hom oor die Paasnaweek gesien het. Hy het glo baie uitgesien na die uitslag van 'n fietswedren wat dié naweek in Port Elizabeth gehou sal word.

Volgens mnr. S. M. Sauerman, skoolhoof van die Hoërskool Andrew Rabie, waar Ruben verlede jaar sy matriek behaal het, was Ruben 'n baie gewilde leerling en 'n uitstekende sportman. Hy het gesê die seun se dood is 'n geweldige slag vir die skool. Sy telefoon lui reeds sedert Saterdagaand onophoudelik weens navrae en boodskappe van geskokte oud-leerlinge. Hy het gesê Ruben sou ná voltooiing van sy diensplig na Port Elizabeth teruggekeer het om in 'n bank te kom werk.

## Begrafnis

Geen reëlings is nog vir die begrafnis getref nie. 'n Familielid het gesê die gesin het nog nie volle inligting oor Ruben se dood van die Weermag gekry nie. Ruben se ouers het nog 'n dogter, die 13-jarige Karin.

Mev. I. Thomas van Youngstraat, Uitenhage, en moeder van Errol Thomas, het aan Oosterlig gesê sy weet nog niks van die ongeluk waarin haar seun rugbeserings opgedoen het nie. Vermoedelik was hy in dieselfde voertuig as



**RUBEN VAN NIEKERK**

dié waarin Ruben dood is. Sy het nog net 'n kennisgewing van haar seun se beserings van die Weermag gekry. Haar seun word in die Ondongwa-Hospitaal naby Owamboland verpleeg. Volgens die mededeling aan haar is hy in 'n bevredigende toestand.

Die derde beseerde is 'n jong dienspligtige van Oos-Londen. Geen nabye inligting is oor hom bekend nie. Na verneem word, is hy met 'n gebreekte bobeen in die militêre hospitaal in Voortrekkerhoogte.

Karel van Heerden

# P.E. SOLDATE DOOD, BESEER OP PAD



KPL. CAREL VAN HEERDEN



WMN. UYS PYPER

TWEE dienspligtiges van Port Elizabeth is dood en nog een beseer deurdat hul motor gisteraand naby Noupoort van die pad geloop en omgeslaan het. Hulle was onderweg terug na hul basis in Kimberley nadat hulle met naweekpas by die huis was. Een van die oorledenes was in Oos-Londen waar hy die naweek verloof geraak het.

Die oorledenes was wmn. Johan Uys Pyper (24) van Walmer en kpl. Carel Johannes van Heerden (19) van Glen Hurd in Port Elizabeth. Wmn. Louis Scheepers (19) van Newtonpark is in die ongeluk beseer.

**VERLOOF**

Wmn. Pyper, seun van mev. I. Pyper van Deytonhof 101 in Agtste Laan, Walmer, was die naweek in Oos-Londen waar hy verloof geraak het. Hy het eers klaar gestudeer voordat hy Weermag toe is.

Kpl. Van Heerden was die seun van mnr. en mev. W.B.J. van Heerden van Kennethlaan 3 in Glen Hurd. Hy en die beseerde wmn. Scheepers is albei oud-leerlinge van die Hoërskool Andrew Rabie.

Die ongeluk het gisteraand omstreeks tienuur sowat 10 km van Noupoort af gebeur toe 'n band van die voertuig gebars, die motor omgeslaan en in 'n sloot langs die pad beland het. Kpl. Van Heerden is op slag gedood en wmn. Pyper is onderweg hospitaal toe oorlede. Wmn. Scheepers is nie ernstig beseer nie, maar ly aan skok.

**NAWEEKPAS**

Sy ouers, mnr. en mev. J.J. Scheepers, het vandag na Noupoort vertrek om hom te gaan haal. Dit was sy eerste naweekpas sedert hy in Januarie met sy diensplig begin het.

Mev. Van Heerden sê die drie sou vroeg gistermiddag terugry na Kimberley, maar het eers vyfuur vertrek deurdat wmn. Pyper, 'n oud-student van die UPE wat bestuurder by Kinepark was, eers Oos-Londen toe was. Gewoonlik het hulle verkies om dié pad te ry terwyl dit nog lig was.

Wmn. Scheepers en kpl. Van Heerden is albei van die NG gemeente Newtonpark.

# PE soldate môre begrawe

DIE begrafnis van wyle wmn. Uys Pyper van Walmer, Port Elizabeth, seun van mnr. Dirk en mev. Iris Pyper, is môre om 11.30 vm. uit die NG kerk Walmer. Dit sal 'n halfmilitêre begrafnis wees.

Wmn. Pyper is gedood toe die motor waarin hy en nog twee dienspligtiges van Port Elizabeth, kpl. Carel van Heerden en wmn. Louis Scheepers, gereis het, naby Noupoort van die pad geloop en omgeslaan het.

Kpl. Van Heerden is ook gedood en wmn. Scheepers lig beseer. Kpl. Van Heerden word môre om 3 nm. uit die NG kerk Newtonpark in Mowbraystraat begrawe.

# Petrus Cornelius (Pieta) Victor

GENERAAL C L VILJOEN

HOOF VAN DIE SA WEERMAG

Privaatsak X414
Pretoria
0001

12 Maart 1984

Mnr en Mev P.C. Victor
Buffalostraat 5
Kunenepark
Port Elizabeth
6001

Geagte Mnr en Mev Victor

Namens die Suid-Afrikaanse Weermag wil ek u verseker van ons opregte meegevoel met die heengaan van u seun.


Mag u sterkte en leiding van Bo ontvang in die moeilike tyd wat voorlê.

Genl

Die begrafnisreëlings van nog twee dienspligtiges van Port Elizabeth, Petrus Cornelius Victor (21), broer van die BMX-jaer Dawie Victor, en Johan du Toit van Forest Hill is nog nie bekend nie.

Hulle is gedood toe hul motor gisteroggend vroeg teen 'n stilstaande voertuig vasgery het. Hulle was onderweg na hul basiskamp in Pretoria toe die ongeluk gebeur het.

## Anton Roux – Honoris Crux Silwer




**Bron / Source: Anton Roux**

Opgestel deur:
Fanie Buys (matriek 1973)
16 Augustus 2024

Compiled by:
Fanie Buys (matric 1973)
16 August 2024